# BOEKBESPREKINGS

Dr. T. Jansma, **Natuur, lot en vryheid; Bardesanes, de filosoof der Arameërs en zijn images;** serie Cahiers by die Nederlands Theologisch Tydschrift, No. 6; H. Veenman en Zonen, N.V. Wageningen 1969, Prys f14.00 by intekening anders f20.00 pp. 168.

Die skrywer is deur sy resensie van Drijvers se „Bardaisan of Edessa" (1966) geïnspireer tot 'n meer breedvoerige studie. Dit het uitgeloop op die huidige boek onder bespreking. Jansma beskou as die ideale leser van sy werk, die persoon wat eers die werk van Drywers behoorlik ter hand geneem het. Die huidige resensent kwalifiseer dus reeds uit die staanspoor nie as 'n ideale resensent nie. Maar nieteenstaande my onkunde ten opsigte van die werk van Drijvers kon ek die arbeid van Jansma tog behoorlik volg en waardeer.

Om oor die Siriese Bardesanes te skryf, is voorwaar geen gemaklike taak nie. Die inligting oor hierdie omstrede figuur is maar skraps en boonop van redelik twyfelagtige aard. Die skrywer verwys self in sy voorwoord daarna dat hierdie werk eerder as 'n eerste en nie as 'n laaste woord nie oor Bardesanes en sy teologie beskou moet word. So is dit. Die laaste woord is dit nie maar dit is wel 'n goeie woord wat nie in dieselfde valstrikke as Drijvers getrap het nie. Jansma het sy kritiek teen Drijvers self ter harte geneem en kom gevolglik nie tot oorhaastige of ongemotiveerde konklusies nie.

Tereg sê Jansma dat wie hom met die probleme rondom Bardesanes inlaat, begewe hom in 'n haglike avontuur (p. 20). Uit die gegewens wat B. se leerling Filippus aanbied en uit die gegewens wat Efraim, 'n bestryder van B., aanbied is dit geen maklike taak om 'n sinvolle geheelbeeld van Bardesanes op te bou nie. Sy kritiek op Drijvers is dan ook dat D. se sintese 'n mislukking is (p. 32).

Teenoor D. meen Jansma dat Filippus se werk geen monoloog is nie maar 'n dialoog oor die lot wat in 'n klein en intieme kring gevoer is (p. 36). Soortgelyke en tydgenootlike literatuur word ter stawing en ter opheldering van die gedagtegang aangehaal, byvoorbeeld: die dialoog van Octavius en Caecilius, die skrywe van Mara Bar Serapion en die Babiloniese Talmoed. Die denkwyse van die tyd kom daardeur helderder na vore en sterk die opinie van Jansma.

Dat Efraim nie besig is om Bardesanes so goed moontlik weer te gee nie maar wel te sê wat hy van B. dink, is te rym met die optrede van die tyd teen die vyande van die Kerk (p. 83). Wat Efraim van B. aangehaal het, was alleen die trekke uit sy lewens-

tye, uit sy denktrant en uit sy wêreldbeskouing wat die dringendste in die Kerk bestry moes word. Die optrede bring mee dat daar steeds 'n seleksie en interpretasie van die betrokke dele deur die apologeet aangebied word (p. 89). Hierdie werkswyse maak dit ook des te moeiliker om sinvol 'n beeld te rekonstrueer van die persoon wat bestry word. Veral die kosmogonie van B. tas, volgens Efraim, die basis van die katolieke geloof aan. Al sou B. dus teenoor Marcion die monotheïsme verdedig en die ware christologie teenoor die Ariane tog gaan 'n leer wat op 'n dwaling gegrond is, ten gronde volgens Efraim (p. 94). Wie dus saam met Bardesanes bid, bid met Beëlsebul, is die konklusie van Efraim.

Die gevolgtrekking waartoe Jansma hom ten opsigte van Bardesanes kom, is versigtig en oorwoë. Uit die stukke van Filippus en Efraim is nie te ontdek wat en wie Bardesanes werklik was nie (p. 134). Hy aanvaar ook die moontlikheid dat die stuk van Filippus selfs die naam van Bardesanes kon gebruik het om 'n nuwe dwaalleer stukrag en aansien te verleen. Die egtheid van die sogenaamde dialoog is nie bo alle suspisie nie.

Hierdie deeglike ondersoek na Bardesanes en sy tyd is aan te beveel vir elkeen wat meer wil weet aangaande hierdie omstrede figuur in die geskiedenis van die Kerk.

A. J. G. Dreyer.

J. J. Venter: **„Die Alkoholis en die Beskawing: Wie is Siek?"** Pretoria 1969, 24 pp. 30c. Uitgegee deur die Skrywer, Posbus 19063, Pretoria-Wes.

Die stroom literatuur wat oor alkoholisme verskyn, het enorme afmetings aangeneem. Elke aspek van die fisiologiese en psigologiese oorsake en gevolge van alkoholisme is al tot die fynste besonderhede uitgepluis. Hoedanig die ondersoekmetodes, inhoud en teorieë van handboeke oor alkoholisme verskil, het die meeste publikasies egter een punt in geneem, naamlik die sienswyse dat alkoholisme 'n siekte is. Sowel die professionele terapeut as die leek het die credo, „alkoholisme is 'n siekte!" aanvaar en standpunte in stryd daarmee word selde gelug en nog minder gehuldig. Dit is nogal jammer, want selfs 'n bottel het twee kante.

In „Die Alkoholis en die beskawing, wie is siek?" kom Venter egter met 'n verrassende nuwe beskouing vorendag. Die werk is nie nuut in die opsig dat die uitgangspunte nog nie voorheen verken is, of die sienswyses nog nie voorheen gelug is nie, inteendeel, maar dit is die wyse waarop Venter die geykte stelling dat alkoholisme 'n siekte is, bevraag, wat die leser tref. Die werkie is te kort om bestaande teorieë te misken of te verwerk — dit skyn ook nie die bedoeling te wees nie — daar word hoogstens 'n nuwe dimensie in die alkoholgesprek gebring.

Venter vestig die aandag op die aspek van persoonlike verantwoordelikheid aan die kant van die drinker teenoor die geldige norms van die samelewing wat, minstens in 'n Christelike samelewing, deur die gesag van die Skrif daargestel word. Na 'n begripsbepaling in hoofstuk 1, ontleed Venter in hoofstuk 2 die samelewingsnorme wat in ons tydsgewrig as geldig aanvaar word. Hy wys op die uitwerking wat hierdie norme op die probleem van drankmisbruik het, en vervolgens word aandag geskenk aan die wyse waarop die begrip „persoonlike verantwoordelikheid" vandag geïnterpeteer word, eintlik omgebuig word, sodat afwykings van die norme geregverdig kan word.

Dan vra hy onder andere in hoofstuk 3: „Waarom wend ons ons oë af van die beskawing wat siek geword het in sy gejaag na wind — geestelik siek, normloos en onverantwoordelik. Kan ons ons voor God verantwoord deur op roekelose wyse normbrekers te wees en dan, wanneer ons verslaaf en verstik geword het in ons afval, gaan verklaar dat die dokter met sy middele ons lyding moet versag en dat ons toestand gewyt moet word aan siekte-aardigheid?" (p. 12).

Die eienskappe van alkohol en die stappe van drankverslawing wat in hoofstuk 4 behandel word, sal deur die leser herken word as standaardkennis oor die verslawingsproses. Maar dan neem Venter dwarsvoet stelling in teen die populêre opvatting dat alles afgedaan is wanner alkoholisme as 'n siekte gedefinieer word: „Deur die alkoholis te bestempel as 'n afgestompte wat onbewus is van norme en waardes, is fataal. As daar iemand is wat die afstand tussen sonde en saligheid ken, is dit die drankverslaafde, omdat hy gedurig beweeg tussen die hoogtepunte van geluk en die laagtepunte van vernedering en vervallenheid" (p. 14).

In hoofstuk 5 word die misbruik van alkohol en ander soorte verdowende middels in verband gebring met die soek na vryheid in 'n knellende, verwarde wêreld. Die waaragtig vrye mens wat vreugde vind in vryheid, is die gelowige, gehoorsame Christen wat weet waarom en aan Wie hy gebonde is.

Die mens wat sogenaamd „moeg" is vir die bande van die Christelike beskawing en sy normeise, is 'n kreatuur wat wil vry wees om in die modder te ploeter. „Tot welke mate is die slagkrete om alkoholisme se siekteverskynsel erken te kry, nie ook 'n miskenning van die ware vryheid van die mens nie?" (p. 18).

Tog is die skrywer nie afsydig teenoor die persoonlike probleme van die alkoholis nie. In hoofstukke 5 en 6 dring daar 'n eg-menslikheid in die waardegebonde siening van die skrywer deur tot die geheelgoed van die empiriese dissipline:

„Ons mense het geleentheidsmense geword. Ons lewe volg geen vaste aaneengeskakelde lewenspatroon meer nie. Ons lewe van geleentheid tot geleentheid, oomblik tot oomblik . . . Die verveligheid van dieselfde verskeidenheid dreig om mens mal te maak. Mense wat bedoel was om elk 'n eie karakter te hê, 'n eie eienaardigheid, het almal in wese dieselfde geword . . . Die strydkreet het geword om te vlug vir die sieldodende roetine: om geleenthede te soek en selfs te skep as daar nie is nie . . . ons moet ietsie drink, dan voel, dink, sien en hoor ons darem weer dieselfde ou klomp vervelige mense en dinge anders." (p. 19).

Wat die tegniese versorging betref, is 'n paar hinderlike drukfoute opgemerk en die uitleg van die boekie lyk amateuragtig. Verder kon Venter hoofstuk 2 miskien laaste geplaas het, hoofstuk 6 vorentoe geskuif het en hoofstuk 7 selfs by die Inleiding gevoeg het. Maar hierdie leemtes doen geensins afbreuk aan die waarde van die werkie nie.

Dat hierdie werk geen leun- of leuenstoelfilosofie is nie, getuig die feit dat Venter as maatskaplike werker ongelooflike sukses behaal het in die verwysing en rehabilitasie van alkoholiste, en, met apologese vir anglisering: die proef van die pap is in die proe. Vir elkeen wat met die probleem van verdowingsmiddels, in die algemeen, en alkoholisme in besonder, te doen het, hetsy, predikant, diaken, maatskaplike werker, student, ouer, eggenote (en die alkoholis self!) sal hierdie boekie waardevolle insigte verskaf.

Maar ek twyfel of hierdie werk van Venter 'n wye leserskring sal kry; dit is daarvoor te krities teen 'n standpunt wat algemeen aanvaar word, en dit gaan in die oë van die hedendaagse kwasi-wetenskaplik-geïndoktrineerde leserspubliek mank aan 'n irriterende **faux pas:** die Woord van God word as norm erken en bely.

C. S. Steenekamp.

Pretoria.